Iets om oor te dink:
Goeie Nuus in die dagblad Beeld:

Vele godsdienstige se 'regstellende aksie' program vir die kerk en die land is ’n G.G.G. ("getalle, geboue, geld”) of ‘n B.B.B. ("bodies, buildings, budget”) aangedrewe-oplossing. Jesus se beelde en taal vir sy volgelinge is presies die teenoorgestelde, Hy noem ons kleintjies, kindertjies, skape, lammetjies, geringes, swakkes… Jesus het nooit veronderstel dat ons met die res moet kompeteer oor wie die sterkste of die suksesvolste of die grootste is nie. Vir Hom gaan dit nie oor magsvertonings nie, maar oor nederigheid, soos wat Hy ons leer in Markus 10:42-45.
Of het ons vergeet dat Jesus nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe as losprys vir ons af te lê? Agter is vir Jesus voor. Swakheid is krag.

Wanneer ons regtig glo dat ons skape is wat van ons Herder afhanklik is, dan loop ons nie meer rond soos brullende leeus nie. Dan leef ons die alternatief, nie die godsdienstige weergawe van bestaande kragvertonings nie!

- Stephan Joubert